

Nuusbrief 10 27 Maart 2017

Saamgestel deur Wilna van Rooyen  
083 454 2843 wilnav@leeuwenhof.co.za

## Merk van klere:

Liewe Ouers,

Ons vra dat u asseblief die kinders se klere sal merk! Hier is nou baie baadjies en skoene by die skool, met geen name daarop nie—ons kan dit dus nie uitdeel nie!

Help asseblief hiermee! Ons wil so graag die regte klere vir die regte maatjie gee.

### In hierdie uitgawe:

**Bl. 1** Merk van klere

Assessering

**Bl. 2** Uitstappie

Verjaarsdae

Welpierugby

**Bl. 3** Belangrike datums

Ouermiddag

Bybelse ete

**Bl. 4** Siektes

Stimulasie



## Assessering—aanpassingsverslae:

Deurlopende assessering vind plaas by die skool, waarvolgens vorderingsverslae saamgestel word.

Tydens ons eerste ouermiddag, wat op 6 April plaasvind, sal die **aanpassingsverslaggies** uitgedeel word.

U kan u plekkie vir die middag bespreek op die vorms wat teen die klasse se deure aangebring sal word.

Die **vorderingsverslae** word aan die einde van Julie en die begin van Desember uitgedeel.





## Uitstappie Donderdag 16 Maart:

Ons kinders het groot pret gehad tydens ons uitstappie.

Baie dankie aan juf. Zuanéll, vir die reël daarvan!

## Baie dankie!:

Baie dankie aan An-ché Greyling, Liam Otto, Dennis Engelbrecht en Liam Bonthuyzen vir die verjaarsdagboeke wat ons van jul ontvang het! Ons waardeer dit baie!

Ons is so bevoorreg om pragtige boeke te hê, wat ons met vrug kan gebruik gedurende ons dagprogram.

## Baie geluk aan almal wat in April Verjaar!:

Jessica Cooper, Johandi Kriel, Lana Pillman, Mia van Rooyen, Alia Lauder, Venita Pringle, Mikael Botha, Joshua Esterhuysen, Mieke Koen en Jared le Roux.

Mag jul so baie seën en liefde in jul nuwe lewensjaar ontvang en die Heer jul veilig in die holte van Sy hand hou!



## Welpierugby:

**Baie dankie** aan ons afrigters, wat bereid is om ons Welpies voor te berei vir hul wedstryde, wat in Mei plaasvind! Ons seuntjies geniet dit vreeslik baie!

**BAIE DANKIE** aan Christoff Viljoen en Adriaan Engelbrecht, vir die borg van die rugbytruitjies en -broekies! Dit is regtig pragtig en ons seuntjies kan dit met groot trots dra!

Dis wonderlik en ons waardeer dit oneindig baie! Die truitjies en broekies sal die skool se eiendom bly en jaarliks vir die Welpierugby aangewend word.

## Belangrike datums:

- 31 Maart:** Wielelag—enige speelgoed met wiele, **behalwe** fietse, rolskaatse en skaatsplanke.
- 5 April:** Bybelse "ete" vir ons kinders—*net druiwesap en ongesuurde brood—ons vier die eerste nagmaal!*  
Ons trek Bybelse klere aan, somer van lakens, handdoeke, serpe of stukke materiaal gemaak, bo-oor gemaklike klere!
- 6 April:** **Poppekas-Puppetales:** Paasfees  
Ouermiddag van 14:00 tot 18:00.
- 12 April:** Paasfeesstorie—Juf. Jeannine  
Paaseierskattejag  
**Skool sluit 12:00**



## Bybelse ete 5 April:

Op 5 April trek ons maatjies soos Bybelse figure aan, deur van stukke lap, serpe, handdoeke, lakens of japonne gebruik te maak.

Ons bied 'n "Bybelse ete" in die speelkamer aan, wat aan die eerste nagmaal herinner. Dit vervang nie ons gewone etenstyd nie, maar is 'n baie spesiale, intieme funksie, wat mens jare lank bybly.

## Moraliteit:

Dissipline skep nie alleen geborgenheid by kinders nie, maar skep ook 'n veilige ruimte waarbinne moraliteit kan groei. En moraliteit en die vorming van karakter gaan hand aan hand. *Braam Hanekom*

Godsdienste en moraliteit is die onmisbare ondersteuners van politieke voorspoed. *George Washington*





## Stimuleer slim:

Die brein is dol oor kleur. Gebruik gekleurde penne of helderkleurige prente om jou kind se woordeskat uit te brei.

Gebruik musiek tydens die leerproses. Dit stimuleer die vrystelling van endorfiene, die lekkervoel-chemikalië in die brein wat 'n gunstige uitwerking op die leerproses het.

Sorg dat jou kind gereeld aktief buite speel. Oefening is goed vir jou denkprosesse, dit help om meer suurstof en bloed na die brein te laat vloei.

Sorg dat jou kind genoeg slaap.



## Siektes:

Geen mens wil graag siek wees nie, maar ongelukkig is daar kieme en virusse in die lug, wat mens aanval. Ons is baie jammer dat van ons juffrouens tans swaar onder die virusse en bakterie deurloop.

Ons hoop juf. Karin en juf. Zuanéll is gou beter en dat die nare goggas hul nie weer aanval nie!! Ons hoop ons kinders spring dit ook vry!!!

Ons dank aan juf. Mariette, wie vir 3 dae instaan by die Hasiëklas. Dankie aan al die juffrouens wat ons kuiermaatjies met liefde ontvang en ondersteun het.



## Stimuleer vervolg:

Maak gedurig grappies terwyl jy jou kind leer. Lag verhoog witbloedselaktiwiteit en verander die chemiese balans in die bloed, wat die liggaam se produksie van senuwee-oordragstowwe (goed vir waaksaamheid en die geheue) kan verhoog.

'n Positiewe ingesteldheid stimuleer ook die leerproses.

Jou kind se vermoë om inligting in te neem, te verwerk en boonop te onthou is die sleutel tot sy of haar prestasie. (Baba en kleuter)

Baie dankie dat jy jou kind op die regte manier stimuleer!

Vriendelike groete!

Wilna van Rooyen